Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

# INFO 2/2025

31 Januarie 2025

## Van die skoolhoof

***Liewe GSDP-gemeenskap***

***Skroewedraaiers in my sluitkassie***

*Die opgewondenheid by die laerskool is groot, want graad 4 -7 mag nou elkeen 'n sluitkassie huur. 'n Sluitkassie is 'n handige ding, jy kan jou boeke, baadjie, kosblik en ander interessante goed daarin bêre. Een van die seuns reken 'n tang, skroewedraaier en pollyfilla kan ook gemaklik daarin pas, dan is jy toegerus en altyd gereed om 'n juffrou gou te kan help. Dit is goed om toegerus te wees vir die onvoorsiene, om paraat te wees.*

*By ons skool maak ons ook die kinders gereed vir die lewe, ons wil hulle toerus vanuit die Woord. Daardie toerusting, die Woord, moet in hulle harte opgesluit lê. Die vaslê van die Woord in hul harte word by die huis, kerk en skool gedoen.*

*'n Dominee het eendag 'n waardevolle lys gedeel oor hoe ons te werk kan gaan om seker te maak dat die regte toerusting wel in ons kinders se harte opgesluit word. Ek deel dit graag.*

- *Leer hulle deur rympies. In die boek Psalms is sommige verse ook so volgens die alfabet gerangskik, alef, bet, gimel, dalet ens.*
- *Leer hulle deur sang, die Psalms trek die Woord binne ons hart in.*
- *Memoriseer Bybelverse, dit is hoe Jesus die satan in die woestyn geantwoord het.*
- *Leer hulle dat geestelike groei harde werk is, doen dus moeite met die Woord, lees en bestudeer dit.*
- *Leer hulle om in gesprek te kan tree oor die geloof. Praat met vriende, met kinders, met mekaar oor die Here. Die skool is die oefengrond waar voorgeskrewe letterkunde met onbybelse temas aan hoërskoolleerlinge geleentheid gee om apologeties te kan optree.*
- *Leer hulle om dit wat hul uit die Woord geleer het ook te doen, om dit toe te pas.*
- *Skep geleenthede dat hulle dit wat hul geleer het, kan weergee om weer ander te leer.*
- *Leer hulle om ook te bid oor dit wat hulle gelees het. So word die woorde van die Bybel ook in hul harte vasgelê.*

*Dit is belangrik om kinders toe te rus met die Woord van die Here, dit is hul kompas wat leiding, wysheid, troos en bemoediging vir hul hele lewe gee. 'n Kind wat die Woord ken en in sy hart sluit, sal ook deur die werking van die Gees die Here kan vertrou en lief hê.*

**Psalm 119:9 'Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na u woord.'**



***Vriendelike groete***

*Saskia Meijer*

## Beplanner

- **1 Feb:** HS Rugbyoefening
- **4 Feb:** HS Tafeltennis-oefening begin
- **5 Feb:** Wêreld-hardoplees-dag
- **6 Feb:** LS Atletiek: LS Totiusdal
- **7 Feb:** HS Atletiek te Maragon
- **7 Feb:** Verkope - 5C
- **10 Feb:** LS Interne redenaars
- **11 Feb:** HS netbaloefening begin
- **13 Feb:** Gespreksaand
- **15 Feb:** LS Atletiek: Pietersburg

# *Kleuterskool*

Om beter te fokus, moet kinders goed **gehidreerd** wees. Daarom drink ons by Dirkieland nét **water**!








# Laerskool

## Gespreksaand: 13 Februarie 2025

**Huisgodsdiens** is 'n belangrike aktiwiteit vir die ontwikkeling van 'n gesonde gesinslewe. Rondom die Woord van die Here kom die gesin bymekaar en word kinders onderrig, saam groei die gesin in geloof en word hul band met mekaar versterk. So word die Skrif in die harte van jong kinders vasgemaak.

Dit is egter nie altyd so maklik in 'n gesin waar kinders in ouderdomme verskil, waar tyd soms min is en die eise van die lewe toeslaan nie.

Ons het vir **André en Ellie Buys**, ouers by GSDP, genooi om hul waardevolle aanbieding oor huisgodsdiens met ons gemeenskap te deel. Dit word **DV 13 Februarie** om **18:00** by die **Gereformeerde kerk die Kandelaar** aangebied. Meer inligting volg later.

Dagboek dus die datum!



# Sport

## Atletiek

Ons is omtrent halfpad met ons **atletiekseisoen**. Dirkies het tot dusver baie goed gevaar hierdie seisoen en ons skool se naam hoog gehou.

Geluk aan die volgende atlete wat by **Die Krans** se byeenkoms aangewys is as **Victor/Victrix Ludorum:**
Junior Dogters:
1ste plek: Magdelie Diedericks
3de plek: Gina Eksteen

Junior Seuns:
2de plek: Ruben Saaiman

Senior Seuns:
3de plek: Alec Lamberts

**Ons volgende byeenkomste is:**
6 Februarie: Laerskool Totiusdal
15 Februarie: ICO in Pietersburg

## Oefeninge:


Dinsdae en Donderdae:

Kleuterskool, Gr. 1 en 2: 13:00-13:30

Res van laerskool: 13:30-14:00

Hoogspring: 15:30-16:30

Hou die **atletiekgroep** dop vir ander oefentye vir die res van die items.





## Netbal

**4 Maart:** Oefening begin
**8 Maart:** Netbalkliniek


## Bulletjierugby

Word deel van die **Bulletjierugby** WhatsApp-groep op die skoolgemeenskap.

Daar word die inligting en datums gedeel.

Vir navrae rakende **Voortrekkers**, kontak:



# Hoërskool



## Kultuur:

Daar is twee belangrike datums wat nou al vir ons loer!

Die inskrywings vir die **ATKV-redenaarskompetisie** is **16 Februarie**. Vorms is by juf. Isabel beskikbaar. Die fooi is **R220pp** en sy sal ook help met voorbereiding vir die uitdaging.

Inskrywings vir die **Afrikaanse Senior Olimpiade** sluit **11 Februarie** ( R60pp). Kom skryf nou in!

## Konsert - 8 Augustus:

Oudisies vir ons **konsert** het heelwat aftrek gekry en die leerlinge is al in klasverband besig om hulle items te finaliseer.

Die Dirkies is mos baie kreatief, dus kan ons uitsien na 'n produk wat getuig van hope talent!

Konsertoefeninge begin op **Vrydag, 14 Februarie**, en gaan elke Vrydag vanaf **13:00 tot 15:00** plaasvind.




## Dames- en dogtersaand:

Die dames- en dogtersaand vind DV op Donderdag **13 Maart plaas.**

Dogters wat graag as **gasvroue** vir die aand wil optree, moet hul name by **juf. Anine** gaan opgee.

Meer inligting oor die aand sal deurgegee word.

# Hoërskool



## Akkommodasie aan leerlinge:

Sommige leerlinge ontvang akkommodasie, wat behels dat hul gebruik mag maak van **lesers en/of skrywers** tydens **formele assessering**. Ouers wat belangstel om as lesers en skrywers **opgelei** te word, kan met juf. Wenny of juf. Lynni skakel.

Daar is reeds op **14 en 15 Februarie** opleiding vir lesers en skrywers by BCVO se kantore. Koste verbonde aan die opleiding is **R800** per persoon.

## Toetsrooster:

Die **toetsrooster** is aan die hoërskoolleerlinge uitgedeel, en is ook op die webtuiste geplaas.

Die toetsreeks begin reeds op **20 Februarie**.

Let asseblief daarop dat, indien 'n leerling **afwesig** is tydens 'n toets, 'n **doktersbrief** ingehandig moet word.

## Wintersdrag:

Ons het 'n **wysiging** gemaak rakende die wintersdrag vir hoërskoolleerlinge. Vanaf **2025** is dit **verpligtend** vir leerlinge om 'n **das** te dra as deel van wintersdrag.

Vanaf **2026** is dit verpligtend dat leerlinge **kleurbaadjies** dra as deel van wintersdrag. Laasgenoemde word ingefaseer vanaf 2025 na 2026.

## Houtsweisklub:

Die **houtsweisklub**, onder leiding van Gerhard Bunk, een van ons ouers, begin binnekort.

By hierdie klub leer leerlinge **vaardighede** rakende sweis en houtwerk. Hul maak voorwerpe vir eie gebruik, en ook soms dinge wat die skool kan gebruik. Inligting vir die houtsweisklub is by **juf. Lynni** beskikbaar.

**Enige hoërskoolleerling** (seuns en dogters) is welkom!

# Sport

## Datums:

**1 Februarie** – HS rugbyoefening
**7 Februarie** – HS atletiek te Maragon
**11 Februarie** – HS netbaloefening begin
**25 Februarie** – HS Tafeltennis-oefening begin

## Rugby:

GSDP **0/13 – 0/18** is genooi om saam met die **Moot Sportgroep** rugby te oefen. Oefening vind plaas te **Naka Bulle Veld C** in 16de Laan.

Die oefening vind die hele jaar plaas met die klem op **ontwikkeling en verbetering** van vaardighede  en waardevolle speltyd. Kontak Janine vir meer inligting.




## Tafeltennis:

Oefening begin **Dinsdag, 25 Februarie** om **14:00-15:30**. Liga begin reeds **13 Maart.**

## Netbal:

Oefening begin **Dinsdag, 11 Februarie 2025** om **14:30-16:00**.

**Vriendskaplike wedstryd**
Donderdag, 27 Februarie 2025 teen HTS John Vorster op Dirk Postma se bane.

## Jukskei:

Net die volgende **regstelling** t.o.v. 'n berig in die vorige INFO:

Shelanti én Zenovia Kotze is verkies vir die Noord-Gauteng meisies o/19 akademiese span en het deelgeneem aan die SA Junior Kampioenskappe in Desember 2024, waarna Shelanti gekies is vir die Junior o/19 Proefspan vir die akademie-afdeling.

FRGutters

SEAMLESS GUTTERS | WATER BACKUP SYSTEMS | ROOF PAINTING

# Seamless Gutters, Gutter Cleaning, roof painting & Rainwater Harvesting

**Why Gutters:**
Beneficial to the structural well-being of a building. Prevent staining on exterior walls and fascia boards. The first step in controlling rainwater from your roof into a rainwater harvesting system is. Prevent moisture build-up in exterior walls. Prevent scouring of foundations. Prevent Home flooding. Provide aesthetic value.

**Why Seamless Gutters:**
Custom Made at your property. Very easy and quick to install. Only has joints on the corners meaning fewer positions to leak. Longer lifespan due to the quality of material and powder-coated paint. Aesthetically appealing & Comes pre-painted.



**Why Gutter Maintenance:**
Increase the longevity of the gutter system. Prevents moisture from leaking into the roof. Ward off pests. Avoid fascia damage.

**Why Rainwater Harvesting:**
You will have water during water shedding. Be a responsible citizen and conserve our natural resources. Save money on water consumption. Be part of your total system to get off the grid.

074 496 4713 | 074 496 4713 | info@frgutters.co.za | www.frgutters.co.za



kleur.
Boutique

Specializing in:

Designer Formal Wear
Men Suites
Special Occasion Wear
Mother of the Bride | Matric Farewell
**Exclusive Stockist of Anabel Nox**

**To Book:**
**Lisa Roux 072 402 0307**

www.kleurboutique.co.za

# Wen jou Wetenskap en Wiskunde

**Graad 10 tot Graad 12 Wiskunde:**

- Vraestelle met Memo's @ R130
- Nifty Notas @ R130


**Vat die volledige Wiskunde Pakket vir slegs R240**

**Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap:**

- Nifty Notas @ R130
- Flashy Flitskaarte @ R70
- Vraestelle met memo's @ R130

**Vat die volledige Wetenskap Pakket vir slegs R300**

Afleweringskostes @ R120



# Win your Science and Maths

**Grade 10 to Grade 12 Maths:**

* Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130

Gr 10 Science Packs are busy brewing!!!

**Grade 11 to Grade 12 Science pack:**

* Snazzy Summaries @ R130
* Flashy Flashcards @ R70
* Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130

**All the Science goodies @ R300**

Courier Costs @ R120

https://wenwetenskap.co.za
Helena - 0845103373
hverwey@absamail.co.za

# BESTEL SPESIALITEITSKOFFIE BY GEGROND

as deel van 'n fondsinsamelingsprojek
saam met **GSDP**!

Wees sterk en vol moed




Gegrond word deur twee oudleerlinge bedryf.
**'n Deel van die wins word aan die skool geskenk.**

Bestellings kan elke **eerste Vrydag** van 'n maand by die skool afgehaal word.

GEGROND
COFFEE FOR THE UNRESTRICTED

Bestel by: https://gegrond.co.za/gsdp/

# Snapscan Kodes

GSDP-SKOOLFONDS

<u>Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende</u>:
EFT
D6-toep
Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

GSDP-BOUFONDS

## Ondersteun GSDP & Herwinning

### Blits




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### My school

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### Pick n Pay, Waverley Plaza

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: Glasprojek

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.
Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2024 te wees.**

